MARGARET GARDINER in die Errol Arendz-skepping van goue sy-lamé en honderde goue blinkers waarmee sy volgende maand by die Mej. Heelal-wedstryd in Acapulco gaan spog. Dis een van haar uitrustings, waarvoor Papillon instaan. Sy en haar chaperone, Pat Malgas, vertrek Donderdag na Mexiko.

‚Goue' Margaret in Mej. Heelal

SUID-AFRIKA sal in al sy kleure verteenwoordig wees wanneer Mej. RSA, die pragtige Margaret Gardiner, oor 'n maand in Acapulco aan die Mej. Heelal-wedstryd deelneem.

Donderdag vertrek sy na Mexiko. Aan haar sy as chaperone sal wees Pat Malgas, 'n swart model van Kaapstad, en in haar bagasie 'n skitterende uitrusting wat die skepping is van Errol Arendz, die bruin mode-ontwerper van Kaapstad wat nou so opgang maak.

Die rok, deel van haar uitrusting van R3 000 wat deur Papillon gemaak is, is ontwerp om Suid-Afrika se ryk goudskatte te weerspieël: dit is van goue sy-lamé met honderde goue blinkers daarop vasgewerk.

Die enigste verdere versiering aan die rok is stringe glinsterende krale oor die bors en regterskouer.

Margaret is baie ingenome met die uitrusting: „Die prag van die rok lê nie net in die voorkoms nie, maar ook in die beweging van die stof. Ek sal spesiaal moet leer loop sodat die blinkers steeds beweeg en die rok tot sy reg laat kom."

Errol Arendz, wat byna oornag as een van Suid-Afrika se top-ontwerpers ontpop het, vertel dat hy nie aan die jongste modes gedink het toe hy die rok ontwerp het nie.

„Ek wil hê Margaret moet in Acapulco soos 'n ware skoonheidskoningin lyk. Die beoordelaars is meestal mans en hulle is nie op vrouemodes ingestel nie. Hulle wil 'n mooi lyf en 'n mooi gesig sien en die rok beklemtoon hierdie eienskappe van Margaret."

Oor die prys van die rok praat niemand nie, maar die ontwerper sê net: „Dit is baie duur."